Bergklub van Suid-Afrika (Afdeling Vrystaat) - *Mountain Club of South Africa (Free State Section)*

EXPLORE • DISCOVER • CONNECT • PROTECT

PROGRAM: AUGUSTUS - DESEMBER 2014

DATUM/*DATE*	ROETE/*ROUTE*		BESONDERHEDE/*PARTICULARS*	LEIER/*LEADER*
16-17 Augustus	Awimaweh avontuur	B	Saterdag stap ons vanaf Awimaweh oord, suid om die Armenia dam, klim Thaba Phatswa en slaap oor in 'n grot op die berg,15 km. Sondag stap ons af en swem/roei terug oor die Armenia dam tot by die oord, 6 km. Laat weet voor 15 Augustus. Vertrek Saterdagoggend 7 vm vanaf beskermingsdienste op UV kampus. Slegs petrolkoste.	Chris Joubert 084 425 5058 ccjoubert@gmail.com
22 Augustus	Sosiale aand *Giel en Annette*		Sop-en-brood-en-kuier-geleentheid vir alle berg-entoesiaste by Giel en Annette Prins te Sangirostraat 16, Langenhovenpark. Bring eie drinkgoed. Ons gaan weer tradisioneel hul gasvryheid geniet. Kontak Annette voor Donderdag 21 Augustus.	Annette Prins 082 202 2619
6 September	Tandjiesberg	A	Hierdie dagstap is naby Ladybrand. Daar kan ook gereël word om op die plaas te oornag. Ons gaan na goeie rotskuns op die berg kyk. Ideaal vir beginners. Rotsklimmers ook welkom. Koste R35.	Nico Combrink 082 775 5100 combrinknl@telkomsa.net
12-14 September	Holhoek trail Paul Roux	B	We visit a beautiful area in the Free State Witteberg. Enjoy beautiful sandstone formations and ravines, variety of flora and historical features. Figure 8 route, so only daypacks. Only 12 places available. Cost: R250. Contact leaders before 3 September.	Susan Reinecke Stephanus Janse v Rensburg 072 416 6124 / 082 677 5085 susanr.reinecke@gmail.com
26-28 September	Tsehlanyane Nasionale Park Lesotho		Chris wil verkenning gaan doen en stap van *Tsehlanyane* Nasionale Park na *Boking* Natuurreservaat – 39 km. NB: SLEGS FIKSE stappers. Ligte rugsakke. Verdere inligting volg later.	Chris Joubert 084 425 5058 ccjoubert@gmail.com
5-11 October	National Meet (Mini-camp) Paarl Section	A-C	The National Meet (mini-camp) is on the farm of Avril Powrie in a beautiful valley near Paarl. Day or longer excursions can be taken in the *Limiet* Mountains. This mini-camp is specially arranged to fall in the school holidays to attract the young ones. Groups will also stay in *Kromhout* hut with beautiful views.	Avril Powrie (Paarl Section) 082 921 4325 brucepowrie@gmail.com
10-12 Oktober	Swinx staproete Moolmanshoek	B	Hierdie roete is in die *Moolmanshoek* Natuurreservaat naby Ficksburg geleë. Die basiskamp is op die plaas Langesnek. Pragtige uitsigte vanaf die berg oor die wildskampe. Visierskerf kan gesien en opsioneel ook geklim word. By die oornaghut is 'n swempoel. Dag 1: 10,3 km. Dag 2: 5 km. Vol rugsak. Koste ± R260. Kontak leier voor 1 Oktober.	Anton Kraemer 084 915 3229 antonkraemer1@gmail.com
24-26 Oktober	Geelhoutboom-kloof Golden Gate	B+	Ons gaan met spesiale toestemming van Sanparke 'n area, wat normaalweg nie toegang tot die publiek verleen nie, in die pragtige *Golden Gate* Nasionale Park besoek. Motors word die Saterdagoggend by die Aasvoël-restaurant gelaat. Ons klim in die dramatiese sandsteenrafyn af tot in die Geelhoutboom-kloof. Tente 'n moontlikheid. Leier sal later inligting deurgee. Koste vir stap is R70. Verblyf vir die naweek is in 'n groot ou plaashuis naby *Golden Gate* en familie en gades wat nie 2 dae stap nie kan vir die naweek in die huis bly. Ons moet getalle egter vroegtydig hê. Kontak Charlotte voor 10 Oktober. Koste R150/nag in huis.	Coen Pretorius (Clarens) 083 630 8297 *Verblyfreëlings:* Charlotte Augustyn 083 324 9474 charlottea100@gmail.com
7-9 November	Leliehoek Jamestown	B	'n Mooi area in die Stormberge, suid van Aliwal-Noord. Die vallei is bekend as die "Valley of Art" met talle Boesmantekeninge. Daar is 'n groot Boesman-grot, skouspelagtige sandsteenklowe en 'n massiewe rotsboog. Forelle kan ook gevang word. Ons oornag Vrydagaand in 'n gastehuis en die Saterdagaand in 'n groot Boesman-grot. Opsies vir aanry van sakke deur die boer. Stappers moet dit egter afdra na die grot. Koste R200-250. Kontak die leier voor Woensdagaand.	Deon du Plessis 082 412 2732 deon@an.tdp.co.za
14 November	Sosiale aand		Kom braai saam by Charlotte, Elmare en Buddy by Stoffel van Wykstraat. 43, Universitasrif. Bring eie vleis en drinkgoed. Slaaie en broodjies sal voorsien word. Ons kyk na foto's van Kroasië en die *Julian* Alpe in Slovenië. Kontak Charlotte voor Woensdagaand 12 November.	Charlotte Augustyn 083 324 9474 charlottea100@gmail.com
15 November	Mabula Ladybrand	A-	If you missed our visits to this mountain in previous years, make sure not to miss it again. Beautiful views of this part of the Free State, sandstone formations and if you are lucky herds of buck. The day can end with a swim in the dam - so remember your costume. Contact the leader before Thursday. Meet at 7am at *Prtection Sercvices* on UFS campus.	Jacques Raubenheimer 083 379 9145 mountainpursuits@gmail.com
22-23 November	Jaar afsluiting Thaba Nchu Holkrans	A	Ons sluit die jaar in die holkrans op Thaba Nchu-berg af. Dit kan groot pret wees en ons jong lede sal die verversings opdra na die holkrans! Kom vroeër die dag, stap saam en oornag in die holkrans indien moontlik. Meer besonderhede volg later.	Chris Joubert 084 425 5058 Pieter Schuurman 083 953 3064

11-16 Desember: Stap sal aangekondig word. Moontlik die Witelskloof of Tsitsikamma roete. Leier: Izak Fourie.